



VERSOEK OM NOMINASIES VIR LEDE OM OP NASIONALE TAALLIGGAME (NTL'e) TE DIEN

Hiermee rig die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n uitnodiging aan lede van die publiek en instellings met 'n belang by tale vir die nominasie van persone om oorweeg te word vir aanstelling in PanSAT se Nasionale Taalligggame (NTL'e) vir die elf amptelike tale (Sepedi/Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zulu), Khoi-, Nama- en Santale, en Gebaretaal (SAGT).

Elke NTL tree op in terme van Artikel 8 (8)(b) van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet no. 59 van 1995), soos gewysig, en PanSAT se Norme en Reëls vir Nasionale Taalligggame (Raadskennisgewing 94 van 2005).

Lede dien op deeltydse basis vir 'n periode van vyf jaar vanaf die aanstellingsdatum. Daar is geen vergoeding nie, aangesien dit as gemeenskapswerk beskou word. PanSAT dek kostes verbonde aan reis en verblyf vir lede wat aangestel is om op die onderskeie NTL'e te dien.

Geskikte persone moet aan die volgende vereistes voldoen. Hulle moet:

- eerstetaalsprekers of -gebruikers van die betrokke taal wees;
- passievvol en toegewyd wees teenoor, en bydra tot, die ontwikkeling van die betrokke taal;
- spesialis- en omvattende kennis van die taal sowel as kundigheid in enige van die volgende areas hê: taalstandaardisering, terminologie-ontwikkeling, leksikografie, literatuur en media, vertaling en tolking, sowel as taal in onderwys.

Nominasies moet skriftelik ingedien word en moet die volgende besonderhede insluit:

- Die titel, volle naam, fisiese en pos-adres en kontakbesonderhede van die genomineerde, nomineerder en sekondant, sowel as 'n curriculum vitae (CV) (twee bladsye lank) van die genomineerde. Die CV moet die genomineerde se volle naam, ID-nommer, geslag, kontakbesonderhede, provinsie, kontaknommers, faksnommer en e-posadres (indien enige), en beskrywings van sy/haar ondervinding, kennis en vaardighede bevat.
- Gewaarmerkte afskrifte van die genomineerde se ID en akademiese en professionele kwalifikasies.
- Enige ander steunende inligting, waaronder die name en kontakbesonderhede van ten minste twee referente.
- Behoorlik ingevulde en getekende vorms (by PanSAT verkrygbaar) vir die nomineerder, die sekondant en die genomineerde.

Geen nominasie sal oorweeg word tensy al bogenoemde ingesluit is nie.

Vir meer inligting oor die proses en vereistes, besoek asseblief PanSAT se webwerf by www.pansalb.org of kontak:

Me S.A. Netshiheni
Tel: (012) 341 9638
Faks: (012) 341 5938
E-pos: angie@pansalb.org

Nominasies moet gestuur word aan:

Die Hoof-uitvoerende Beampte

Aandag: Die Eenheidbestuurder: NTL'e

Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

Per pos:

Privaatsak X08

Arkadia

0007

Handaflewering:

5de Verdieping, Provisus-gebou

523 Stanza Bopape-staat

Arkadia

0083

Sluitingsdatum: 28 Augustus 2017

Neem asseblief kennis dat nominasies per faks of e-pos nie aanvaar sal word nie.